

Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
2 Februarie 2011

Beleggers vermy steeds aandele, maar stort miljarde in vaste rente

Die plaaslike kollektiewe beleggingskema-bedryf (CIS-bedryf) se bates onder bestuur het verlede jaar tot R927 miljard toegeneem, danksy 'n netto invloei van R109 miljard wat 'n rekord vir een jaar is. Die grootste gedeelte van verlede jaar se netto invloei het in die vierde kwartaal plaasgevind toe die bedryf 'n rekordbedrag van R36 miljard ontvang het. Die bedryf se bates onder bestuur het aan die einde van 2009 altesame R750 miljard beloop.

Mnr. Leon Campher, uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA), het vandag op 'n mediakonferensie in Johannesburg die plaaslike en buitelandse CIS-statistieke vir verlede jaar bekend gemaak en gesê stewige opbrengste in die aandelemark het ook 'n rol gespeel in die toename van R177 miljard in die bedryf se bates vir die twaalf maande wat op 31 Desember 2010 geëindig het.

Die JSE se indeks van alle aandele (ALSI) het in 2010 'n opbrengs van 19% in randterme gelever in vergelyking met die 3% van die S&P 500 en die negatiewe 2% van die FTSE 100. Die ALSI het oor vyf jaar 'n yslike opbrengs van 103% gelever, terwyl die S&P 500 se opbrengs 17% beloop het en dié van die FTSE 100 op 20% te staan gekom het.

“As 'n mens na die voorafvermelde persentasies kyk, is dit vir my hartseer dat die meeste van ons beleggers nie in die groei gedeel het nie,” het Campher gesê.

Teen die einde van verlede jaar was 47% van die bedryf se plaaslike bates onder bestuur in die plaaslike vasterentesektor belê. Dié sektor bestaan uit geldmark-, verband-, inkomste- en verskillende spesialisfondse. Die sektor het ook verlede jaar die meeste van die geld ontvang - 55% van die netto invloei was na die plaaslike vasterentesektor. Plaaslike batetoewysing het verlede jaar 34,2% van die netto invloei ontvang en die plaaslike aandelesektor net 4,4%.

“Dit beteken dat beleggers in 2010 die neiging voortgesit het om kapitaalgroei op lang termyn te vermy ten gunste van die waarneembare veiligheid van vasterentefondse. Ja, dit is so dat aandelebeleggings met 'n hoër risiko gepaardgaan en meer wisselvallig is, maar aandele het op die langer termyn konstant vaste rente en inflasie oortref. Net die verloop van tyd in die mark en nie tydsbepaling nie sal beleggers in staat stel om voordeel te trek uit die groeipotensiaal van aandele.”

Terwyl die gemiddelde fonds in die plaaslike algemene aandelesektor tot die jaar geëindig op 31 Desember 2010 'n opbrengs van 18% gelever het, het plaaslike geldmarkfondse met 7% gegroei. Inflasie (VPI) het 3% beloop. Die syfers ten opsigte van opbrengste oor vyf jaar beeld dieselfde neiging uit. Die gemiddelde fonds in die plaaslike algemene aandelesektor het in die vyf jaar tot einde Desember verlede jaar 'n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 13% opgelewer en geldmarkfondse het met 9% gegroei. Inflasie het op 7% te staan gekom.

Keer terug tot die grondbeginsels

Kollektiewe beleggingskemas soos effektetrusts is volgens Campher geskep om verbruikers in staat te stel om gesamentlik hul geld aan die aandelemark bloot te stel en sodoende voordeel te trek uit die potensiaal van kapitaalgroei op lang termyn. Die bedryf het met die verloop van tyd opsies ontwerp wat beleggers in staat stel om hul geld te parkeer en om dit dan in die aandelemark te faseer en ook om 'n mate van

afwisseling te verskaf. “Die meeste Suid-Afrikaanse beleggers gebruik ongelukkig dié bykomende opsies vir die langtermynparkering van hul geld. En geparkeerde geld vind nie baat by groeigeleenthede nie.”

Volgens Campher sal ASISA gedurende die jaar die beleggingsvloei na die verskillende CIS-sektore ontleed ten einde beter begrip te verkry oor die beweging van individuele beleggingsgeld, korporatiewe geld en institusionele geld. “Ons weet dat ‘n groot deel van die geld in geldmarkfondse aan beleggingsondernemings en pensioenfondse behoort. Ons beskik egter nie oor die presiese persentasies nie.”

Ondanks die groot gedeelte van bates wat in vasterentfondse geparkeer is, is die CIS-bedryf deur middel van sy aandeleportefeuljes verantwoordelik vir nagenoeg 5% ofte wel sowat R300 miljard van die JSE se markkapitalisasie van R6 triljoen. Die bedryf het teen die einde van 2010 oor altesame 943 fondse beskik.

Wye blootstelling aan beleggers

Die batetoewysingsfonds is volgens Campher nog ‘n innovasie van die CIS-bedryf.

Die plaaslike batetoewysingsfondse belê in die aandeel-, verband-, geld- en eiendomsmarkte met die batebestuurder wat besluit oor hoeveel geld in elke bateklas belê word. Dié fondse het gewild geraak by beleggers én adviseurs aangesien dit diversifikasie oor bateklasse binne een fonds bied, met ‘n kundige fondsbestuurder wat oor die geskikte mengsel besluit. Fondse wat wissel van lae tot hoë aandeelblootstelling is binne die batetoewysingsklas beskikbaar.

Die plaaslike batetoewysingssektor het teen die einde van verlede jaar oor 26% van die bedryf se bates beskik.

“Beleggers wat nie kans sien vir die skommeling van ‘n algemene aandelefonds nie, maar wat kapitaal groei verlang, kan dit oorweeg om te belê in ‘n batetoewysingsfonds wat aan hul profiel voldoen. Beleggers wat egter op lang termyn opbrengste wil verdien wat inflasie klop, moet ‘n bestendige aandeelblootstelling handhaaf, selfs al is dit deur middel van ‘n batetoewysingsfonds as deel van ‘n goed afgewisselde portefeulje.”

Campher sê die enigste manier om maksimale opbrengste te verdien, is om saam met ‘n beproefde en betroubare finansiële adviseur ‘n stewige en goed afgewisselde portefeulje saam te stel en te aanvaar dat jy ook aan slegte tye blootgestel sal wees.

Buiteland versus plaaslik

Campher sê ‘n aantal beleggers het in 2010 verplig gevoel om in die buiteland te belê bloot omdat die rand sterk was. Dié beleggers het nie in aanmerking geneem dat die meeste van die buitelandse markte steeds onder buitengewone druk verkeer het nie.

“Kanse wat gewaag word ten opsigte van die toekomstige prestasie van ‘n geldeenheid gaan met dieselfde risiko’s as dubbel gepaard. Indien jy oorsee belê, moet jy dit om die regte redes doen en nie net omdat die rand sterk is nie. Jy moet seker maak dat dit deel is van jou diversifikasie strategie op lang termyn en dat jy waarskynlik by die belegging baat gaan vind selfs al verswak die geldeenheid nie.”

Campher glo egter dat die plaaslike mark volop geleenthede vir die meeste Suid-Afrikaanse beleggers bied.

“Dit het die afgelope vyf jaar nie sin gemaak vir die meeste beleggers om in die buiteland te belê nie. Dit het nie verander nie. Suid-Afrika gaan voort om aan beleggers ‘n stabiele en goed geregleerde beleggingsomgewing te bied met baie geleentheid vir goeie kapitaalopbrengste op lang termyn.”

Campher sê wanneer jy moet besluit oor waar jy jou geld gaan belê, moet jy oorweging gee aan ‘n goed geregleerde mark wat belangstelling van buite sy eie grense prikkel. Dit is waar van Suid-Afrika, voeg Campher by.

“Suid-Afrika het in 2010 op Brasilië na die grootste aandeel gehad in buitelandse beleggings via portefeulje-invloei. Daarby het ons ‘n gesofistikeerde finansiële mark en ons aandelemerk word gereken as een van die beste in die wêreld. As ‘n nuwe lid van BRICSA en met ‘n opgegradeerde BBB+ Fitch asook Standard & Poor se taksering is Suid-Afrika behoorlik in die kollig van internasionale beleggers.”

Vir diegene wat egter buitelandse blootstelling versoek, is daar effektetrustfondse in buitelandse geldeenhede in Suid-Afrika beskikbaar. Dié fondse het verlede jaar netto invloei van R7,3 miljard ontvang, wat minder is as die R9,9 miljard wat in 2009 aangeteken is. Totale bates onder bestuur in plaaslik geregistreerde buitelandse fondse het op 31 Desember 2010 op R107 miljard gestaan in vergelyking met die R108 miljard in 2009 en R114 miljard teen die einde van 2008.

Fondse in buitelandse geld is gedenomineer in eenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye beskikbaar gestel. Dié fondse kan alleenlik aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word indien dit by die FDR geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in sulke fondse wil belê, moet aan die Reserwebank-bepalings voldoen en sal van hul vergunning ten opsigte van buitelandse kapitaal gebruik maak.

Die getal fondse in buiteland-gedenomineerde geldeenhede wat in Suid-Afrika te koop is, het van 372 teen die einde van 2009 tot 336 teen die einde van 2010 afgeneem.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:

Leon Campher
Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).